

VRAE VIR DIE WEEK SE BYBELSTUDIE AS GESIN

Maandag (oor)

- 1 Wat hoor jy?
- 2 In watter land vind die gebeure plaas?
- 3 Wat het die Engel vir hulle gesê gaan hulle kry?
- 4 Wat het die Engel gesê mag en mag hulle nie doen nie?
- 5 Wie het in Simson kom leef?



Dinsdag(oë)

- 1 Wat sien jy?
- 2 Wie het God se volk geboelie?
- 3 Wat het Simson met sy kaal hande gedoen?
- 4 Wat was Simson se raaisel?



Woensdag (hartjie)

- 1 Wat ervaar jy ?
- 2 Hoekom dink jy het God Simson geseën?
- 3 Word ons geseën?
- 4 Wat beteken dit vir jou elke moment?



Donderdag (hand)

- 1 Wie het Simson se raaisel uitgevind?
- 2 Hoe het Simson gevoel?
3. Wat het die Filistyne met Simson se vrou gedoen?
- 4 Hoe het Simson toe gevoel?
- 5 Wat het Simson gedoen toe hy kwaad was?
- 6 Word jy kwaad, en wat doen jy as jy kwaad word?



RIGTERS 13 - 16 Simson word kwaad

Lank gelede in die land van Israel het 'n man met die naam van Manoag gewoon. Hy en sy vrou het geen kinders gehad nie. Eendag het die engel van God aan mev. Manoag verskyn. Jy gaan 'n baie spesiale baba kry, het hy gesê. Sy het haar man die wonderlike nuus vertel. Manoag het gebid, "o my Heer... Kom weer na ons. Leer ons wat ons moet doen vir die kind." Die engel het vir Manoag gesê "die kind mag nie sy hare sny nie, nooit drank drink nie en mag net sekere kos eet". God het die kind gekies om 'n rigter te wees. Hy sou Israel lei. God se mense het beslis hulp nodig gehad. Hulle het God uit hul lewens gelos en is geboelie deur hulle vyande, die Filistyne. Maar wanneer hulle gebid het, het God gehoor. Hy stuur hulle die baba wat die wêreld se sterkste man sou wees.

Die vrou het geboorte geskenk aan 'n seun en het hom Simson genoem. Die kind het gegroei en die Here het hom geseën. Die Gees van God het in hom geleef. Simson het baie sterk geword. Eendag het hy 'n jong leeu geveg met sy kaal hande en hom doodgemaak. Later het Simson heuning van 'n swerm bye geëet wat in die leeu se karkas nes gemaak het. Hy het 'n raaisel gemaak: Spys het uit die eter uitgegaan en soetigheid uit die sterke.

Niemand kon jy betekenis van die raaisel raai nie – maar sy nuwe vrou, 'n Filistyn het afgetel. Dit het Simson baie kwaad gemaak. Simson was meer kwaad toe die filistyne sy vrou vir sy beste vriend as vrou gegee het. Simson het 300 jakkalse gevang. Hy het hulle serte aanmekaar geknoop, twee – twee en brandende fakkels daar vasgemaak. Simson het die jakkalse losgelaat in die filistyne se graan lande. Die filistyne het wraak gesoek. Simson het dat hulle hom vang en vasmaak. Maar die gees van God het ook saamgekom. Hy het die toue gebreek, 'n donkie se kakebeen gevat en 'n duisend filistyne doodgeslaan.

AKTIWITEIT VIR DIE WEEK

